**5 Julie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 7:54 – 8:4**
**Fokusgedeelte: Handelinge 7:59, 60**

## Bid in vervolging

Met Stefanus se steniging het daar hewige vervolging oor die gelowiges losgebars. Stefanus, nadat hy die evangelie aan die Joodse Raad verkondig het, weet dat hy nou tereggestel gaan word. Hy pleit egter nie vir sy lewe nie. Nee, hy bid eerder. Sy gebed is ’n herhaling van twee van Jesus se sewe kruiswoorde, toegepas op sy situasie: *“Here Jesus, ontvang my gees!”* en: *“Here, moet hulle tog nie hierdie sonde toereken nie!”*

Stefanus bid op sy knieë as hy gestenig word en sterf. Hierin is hy vir ons ’n voorbeeld. Miskien bid ons te min vir die vyande van Jesus Christus se kerk. Dalk is hulle vyande van Jesus se kerk, omdat niemand nog ooit vir hulle gebid en die evangelie aan hulle gebring het nie.

Hierna is die gelowiges uitmekaar gejaag, maar so ver soos hulle gegaan het, het hulle die evangelie verkondig (8:4). Die vervolging laat juis die Woord versprei. Al is daar nou hewige vervolging, gebruik die Here dit om sy Woord te laat versprei. “Die bloed van die martelare is die saad van die kerk!”

Bid vir die volgende:

- Dat ons ook die Woord sal uitdra, selfs as ons vervolg word.
- Dat ons ook die beeld van Jesus sal vertoon soos Stefanus, selfs terwyl dit ons ons lewe kos.
- Dat ons laaste woorde ook eendag ’n gebed mag wees.
- Dat ons die insig sal hê dat die kerk kan groei, selfs al word die gelowiges vervolg.

*Sing: Skrifberyming 6 (5-1):1, 7*

*Ds. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)*